

1. Tot hiertoe het my God gespaar uit goedheid en genade,  
my liggaam en my siel bewaar, beskerm teen alle skade.  
Tot hiertoe het Hy my gelei, tot hiertoe het Hy my verbly, tot hiertoe my geseën.

2. U bring ek eer, lof, prys en dank, vir u weldadighede,  
wat U, o God, my lewenslank bewys het tot op hede.  
Ek skryf in my gedagtenis, hoe groot u trou en liefde is en hoe U my gehelp het.

3. Help verder ook, getroue Heer, help elke dag en stonde;  
verlos en red my keer op keer deur Jesus bloed en wonde.  
Staan U by my in elke nood. Wees U my helper in die dood. Help soos U steeds gehelp het.

**Rom.8: (11) 14 - 17**  
**14de Sondag na Trin. 28 Aug 2016**

*(11 Omdat die Gees van Hom deur wie Jesus uit die dood opgewek is, in julle woon, sal Hy deur wie Christus uit die dood opgewek is, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon. Daarom dan, broes, staan ons onder 'n verpligting, maar nie teenoor ons sondige natuur om daarvolgens te lewe nie. As julle julle lewe deur die sondige natuur laat beheers, gaan julle die dood tegemoet, maar as julle deur die Gees 'n einde maak aan julle sondige praktyke, sal julle lewe.)*

*14 Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God. (OV - Elkeen wat deur die Gees van God gedrywe word, is 'n kind van die Here). Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: "Abba!" - dit beteken "Vader". Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is. En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus. Aangesien ons deel het aan sy lyding, sal ons ook deel hê aan sy heerlikheid.*

Liewe gemeente,

Jy is die uitverkoren, die koningskind, die erfgenaam, reeds deel van die hemelse koninkryk drie punte wil ek graag uitlig, meer in die vorm van 'n Bybelstudie sodat ons kan sien en ontdek, wie ons is in Christus Jesus.

(1) Wie is die Gees van God

(2) Die Gees in Jesus Christus

(3) Wat beteken eintlik aanneming? (in Engels: adoption. Nie *bevestiging* of voorstelling van katkisanse nie)

(4) Kenmerke van 'n kind van God

**(1) Wie is die Gees van God**

Een van die groot hoofstukke oor die Gees van God, is juis Romeine 8. Dis ongelooflik voordelig om ure lank in hierdie hoofstuk te vertoef, want jy sal besig wees nie net om God te ontdek nie, maar ook jouself as kind van God.

Christene is geroep om Tempel van die Heilige Gees te wees, om in die krag van die Heilige Gees op te tree, om toe te neem in heiligheid, om die Geestesgawes te manifesteer, om die eenheid in die Gees te bewaar, om eendag deur die Heilige Gees uit die graf uitgeroep te word wanneer Hy ons sterflike liggaam sal transformeer in 'n verheerlikte liggaam sodat ons instaat gestel sal word om volmaak in die goddelike heerlikheid in te gaan.

Ongelukkig moet ons telkens net so terloops verwys na die misbruike, of sal ons erder sê beswadding van die Heilige Gees se Naam wanneer Christene aanspraak maak optrede in die Naam van die Gees, maar dit is blootweg - optrede in jou eie naam of wêreldse gevoelsgebare. Mense wat optree en uitroep: "ek't gedroom, die Here het vir my gesê ..." (en daarom moet dit absolut gehoorsaam word), of mense wat in 'n trans die arms oplig, die liggaam heen-en-weer swaai en bewoë raak word in sentimentele gevoels-ekstase. Nou, ek het niks teen mooi musiek of teen gevoelsbelewensse nie; ek sou dit net nie "Heilige Gees" noem nie wat vir my erder lyk soos halfhipnotiese massamanipulasie. Paulus skryf elders, sy spreek in tale hou hy vir homself; en die die gemeente is dit goed om te weet dat God vir ons die Gees gee van krag, van liefde

en van nugterheid. So, die Gees se werk is juis nie dat ons gevoel met gees verwarr nie maar dat ons helder kan dink en insigte kan kry.

Die derde persoon van die Drie-Eenheid, heilig-heilig-heilig is sy Naam, word Heilige Gees genoem. Kortliks, die Hebreuse woord is RUACH, of in Grieks PNEUMA, beteken ook "asem, wind of gees". Soms kan sy beweging net in stilte waargeneem word, soms egter ook deur geweldige dade (soos die begin van die skepping). Sy natuur, sy eienskap is heiligheid, perfektheid, goddelikheid.

Die boodskap van die Ou Testament is: *wees soos God* want Hy is heilige.

Die boodskap van die Nuwe Testament is: *wees soos Jesus* want Hy verpersoonlik God.

En die agent, die Ene wat dit moontlik maak, is die Heilige Gees. Vir ons van belang nou is dat ons verstaan dat ek en jy, sondaars is die teiken van God se beweging. Vir ons wil Hy transformeer, heilig, en voleindig. 2 Kor 3:17+18 "*Die Here*" beteken hier "*die Gees*", en waar die Gees van die Here is, is daar vryheid. Ons almal weerspieël die heerlijkheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlijkheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is.

Vir veral ons Lutherane let ons dus op dat God se werk nie afgehandel is met die doop en regverdigheid nie; God is met ons nog nie klaar nie, maar die wedergeboorte deur die Gees het voortdurende verandering tot gevolg - totdat ons by die doel uitkom soos God dit bestem het in sy hemelse heerlijkheid. Dis genoeg gesê.

## **(2) Die Gees in Jesus Christus**

Dis dalk bekende inligting wat ek nou oordra (en ook net gedeeltelik opnoem) maar dis belangrik dat julle mooi volg om te verstaan wat by die derde punt gebeur wanneer ons oor die aanneming praat.

Die Gees van God was die onlosmaaklike venoot in Jesus Christus. Iemand het eenkeer gesê: Die Gees was van die baar(moeder) tot die troon in Jesus. Dit is Hy wat vir ons as toonbeeld voorgehou word: só leef iemand wat deur die Gees van God gedryf word. Dus om te begryp hoe lyk 'n Gees-gedrewe lewe van 'n Christen, is dit van absolute belang dat ons die Skrif bestudeer en Jesus leer ken.

Dit begin by die aankondiging van Jesus se geboorte in Lukas 1 in die dorpie Nasaret toe die engel vir Maria aankondig:

Op tientalle plekke word genoem: dit is wat sy Goddelikheid uitmaak dat in Jesus die Gees van God woon. Terselfdertyd is Hy dié Seun van die mens: dit is hoe God dit van die begin af bedoel het hoe 'n mens volmaak behoort te wees. Die Gees van God dryf Jesus die woestyn in om deur Satan versoek te word; die Gees berei die geveg voor hoe 'n mens in alle versoeking kan weerstaan; die Gees is die militêre strateeg wat om te doen as 'n mens deur die duiwel verlei sal word. Dwarsdeur Jesus se lewe was ook hierdie konflik 'n ongenaakbare werklikheid wat sy hoogtepunt aan die kruisigingsgebeure bereik met die uiteindelijke triomf oor alle magte van die bese. Jesus offer sy lewe aan die kruis deur die Gees. Anders gestel: die Gees lei Jesus in vyandelike gebied om die duiwel te gaan oorwin. En Hy doen dit deur lering in die krag van die Gees, deur fisiese wondertekens, deur bese geeste uit te dryf, ens. Alle dissipels was getuies van hierdie gebeure, en ook die volk sowel as die Joodse owerhede moes toegee dat God met Jesus was want niemand kan die wonders doen as God nie met Hom is nie. (Vir elke sinsgedeelte kan ons 'n hele reeks Bybelverse aanhaal)

En laastens sou daar geen Opstandingsfees wees sonder die Heilige Gees nie. Die dooie liggaam het herlewe deur die krag van die Gees. 40 dae lank was Jesus nog met die dissipels en het hulle geleer, tot op die dag dat Hy in die hemel opgeneem is. In daardie 40 dae het Hy vir sy volgelinge geleer wat die Gees is en dat ook hulle hierdie Gees van God sal ontvang. Volgens die JohannesEwangelie het Jesus direk sy Heilige Gees oor die dissipels geblaas en hulle bemagtig sodat hulle sy werk sal voortsit wat Hy begin het. Volgens Lukas het daar nog 'n spesiale dag aangebreek waar God op Pinkster sy Gees vir hulle gegee het. Dit was kragtige tekens sigbaar en waarneembaar vir almal. Nie lank daarna nie of Petrus verduidelik vir die massamense: *bekeer julle en laat julle doop in die Naam van Jesus tot vergewing van julle sondes en ook julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.*

Al wat Paulus nou ook aan die gemeente te Rome na aan die hart wil lê is: die belofte van ouds, naamlik dat almal die Gees sal ontvang, gaan nou aan alle mense in vervulling. Is julle gedoop en glo julle in Jesus

Christus, dan het dit slegs moontlik deur die krag van die Gees. En dit mag wees dat julle soos nuut-gebore babas is, maar nou sal julle in sy krag verder groei. Die bedoeling van God is dat julle al hoe meer en meer gelyk sal word aan die Seun Jesus Christus.

Nee, by die geboorte van 'n kind het ek nog geen ouer gehoor wat gesê het: "Halleluja, hier is 'n volkome heilige", nie. Nee, ouers weet dat elke kind vireers baie moeite en opoffering kos, dat die kind sal skree en baie nonsens in sy lewe sal aanvang. Terselfdertyd het ook elke ouer hoop dat hul' kind eendag as volwasse, volwaardige mens sy plek in die samelewing sal inneem. Mag wees dat die kind eendag 'n Waynd Van Niekerk wêreldkampioen sal word, dat hy/sy eendag 'n ministerpos sal inneem, of net eenvoudig 'n gelukkige mens sal wees. Ouers weet (behoort te weet) dat elke dag en elke episode in 'n kind se lewe deel is van 'n grootter prentjie is. Daarom die daaglikse vermanings, daaglikse kos, daaglikse skool toe gaan, daaglikse higiëne, ens.

En so behoort ook elke Christen te weet dat ek daaglik myself moet oefen om meer en meer soos Christus te wees. En ons doen dit, deur daaglik die dade van die bese dood te maak, deur myself in Skrif te oefen, om my liggaam te beheers,

### (3) Die gedagte van aanneming (adoption)

Die kernwoord in die OT was, om soos God te word, om sy eienskappe te weerspieël - wees heilig, want EK is heilig. Bv Lev.20:8 - hou my gebooie! Lev 21:8 Luister na my Woord en wees gehoorsaam - en welliswaar as individue sowel as die volk as geheel (toehorigheid tot die volk beteken gemeenskap met God, beteken lewe in familie-verband). En die kernwoord uit die NT is: wees soos Jesus. Want Jesus is nie slegs die verpersoonliking van God die Vader nie maar ook die toonbeeld van ware mens-wees.

*2 Petrus 1:2 Mag daar vir julle genade en vrede in oorvloed wees deur julle kennis van God en van Jesus ons Here! 3 Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien. Dit kom deurdat ons Hom ken wat ons geroep het deur sy heerlijkheid en mag.*

*4. Deur dit te doen, het Hy ons die kosbaarste en allergrootste gawes geskenk wat Hy belowe het. Daardeur kan julle die verderf ontvlug wat deur begeerlikheid in die wêreld werksaam is, en deel kry aan die Goddelike natuur.*

*5. En juis om hierdie rede moet julle alles in die stryd werp om julle geloof te verryk met deugsamheid, die deugsamheid met kennis, 6. die kennis met selfbeheersing, die selfbeheersing met volharding, die volharding met godsvrug, 7. die godsvrug met liefde onder mekaar en die liefde onder mekaar met liefde vir alle mense.*

Paulus praat in presies dieselfde lyn: die werk van die Heilige Gees om kinders van God te produseer, wat meer en meer soos Jesus sal wees. Die konteks is altyd FAMILIE, die Gees wat in Jesus was, word gestuur om mense te regeneer (wedergeboorte, herskep), te heilig en te volmaak. God maak vir Homself 'n nuwe gemeenskap, 'n nuwe volk maar veral 'n gesin - kinders van God. En die term wat hier gebruik word om te kan verstaan, is aanneming.

**Aanneming** word 5 keer in die NT gebruik - sien elders. Hedendaagse gebruike en wetgewing skied te kort om te verduidelik wat die beteken (die 1983 Nuwe Vertaling het die term somer weg-vertaal; 2015 se Direkte Vertaling is beter). Hoe word kinders deesdae aangeneem? Wat is die prosedure en hulle status? ... verduidelik.

Daarby weet ons van getuienis van ouers dat aangeneem kinders dikwels moeilik, rebels is want hulle innerlike wese is beskadig; en dikwels het hulle nie dieselfde aansien geniet soos biologiese kinders nie.

In die antieke wêreld was dit vanselfsprekend dat aanneming jou tot 'n eerste rangse kind van die

## Aanneming in die NT 5x

- **Rom 8:15** Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang **die Gees van aanneming** tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader!
- **Rom 8:23** En nie alleen dit nie, maar ons self ook wat die eersteling van die Gees het, ons sug ook in onself in afwagting van **die aanneming** tot kinders, naamlik die verlossing van ons liggaam.
- **Rom 9:4** Hulle is Israeliete aan wie **die aanneming** tot kinders behoort en die heerlijkheid en die verbonde en die wetgewing en die erediens en die belofte;
- **Gal 4:4** Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, <sup>5</sup> om dié wat onder die wet was, los te koop, sodat ons **die aanneming** tot kinders kan ontvang. <sup>6</sup> En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader! <sup>7</sup> Daarom is jy nie meer dienskneg nie, maar kind; en as jy kind is, dan ook erfgenaam van God deur Christus.
- **Efesiërs 1:5** <sup>4</sup> So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees. <sup>5</sup> In sy liefde het Hy ons, volgens sy genadige beskikking, toe ook al daarvoor bestem **om deur Jesus Christus sy kinders te wees. (OV- om ons as sy kinders vir Homself aan te neem)** <sup>6</sup> Daarom moet ons God prys vir sy wonderlike genade wat Hy in die Geliefde vrylik aan ons geskenk het.
- **Efes 1:5** In love he predestined us for adoption as sons through Jesus Christ, according to the purpose of his will,

ouer maak. Dit was nie 'n reddingsoperasie om uitgeworpe kinders van die straat af 'n dak oor die kop te gee nie. Destyds het die vader kieskeurig uit die samelewing aangewys om sy kind te word, want die kind sal die status en eer van die gesin verteenwoordig, sal die familie-besigheid behartig en sal ook die erfposisie in ontvangs neem. En so verstaan ons somer van die staanspoor dat "erfgenaar" nie beteken, nadat die ouer gesterf het, sal die kind oorneem nie, maar reeds in die kind se leeftyd, sal die kind deelneem aan die ouer se besigheid, sy ekonomiese omset en voortbestaan van die gesin. Lees dus in hierdie vers 14 dat jy deur God uitverkies is, en daarmee

Die prosedure was nadat die (kinderlose of seuns-lose) ouer iemand uit die samelewing geïdentifiseer het om aangeneem te word, word met die biologiese vader onderhandel. Die Romeinse vader het absolute gesag gehad oor sy kinders; daar is nie so iets soos 21 jaar se onafhanklikheid nie. Die eerste stap was om die aanbod te maak: drie keer word die geld op die weegskaal gelê om die seun uit die biologiese gesin uit te koop. By die eerste keer neem die pa dadelik sy seun weer terug; by die 2de keer aersel hy om te demonstreer dat die pa nie somer sy seun "weggooi" nie maar sukkel om hom te emansipeer, om hom los te maak. En by die 3de keer gaan die seun oor na sy nuwe pa en die biologiese ouers ontvang 'n groot klomp geld. Daarna volg die seremonie van "vindicator", oorgawe. (1) Die geadopteerde persoon verloor alle regte en status van sy oorspronklike familie en verkry alle regte en status van die nuwe ouer. (2) Die seun word deel van die nuwe opset tov alle sosiale en ekonomiese bedrywighede; hy beweeg dus as regmatige seun in die kringe nes sy pa en hy is die regmatige erfgenaar van alle besittings van sy pa. Selfs as die ouer nog eie kinders sou kry, bly die eerste seun die legitieme erfgenaar. (3) Sommige bronne sê dat die seun alle bande met die ou familie moes breek; ander bronne sê dat soos in 'n huwelik die nuwe gesin wel nog verbinding met die oorspronklike gesin bewaar. Paulus gebruik duidelik die vergelyking van breek met alle bande van die ou tyd. Maak jouself los van die aanspraak van die wêreld; daar is geen verpligting meer teenoor die ou wêreld nie. Jy is dood vir die wêreld en lewe vir God. Daar is 'n totaal nuwe lewe in die nuwe gesin.

En as dit vir jou dalk nog bietjie vreemd klink om God se reddingsdaad in Jesus Christus te verstaan, dink hieraan. Aan die kruis het God vir jou alle skuld uitgekansleer. Lewe jy sonder Christus dan moet jy instaan vir jou eie oortreding; jy moet jou eie regverdigheid bewerkstellig; jy moet self pa staan vir jou eie skuld. Maar in Christus staan HY pa vir my; Hy neem alle verantwoordelikhede oor en HY skep vir jou 'n nuwe lewensruimte in die Gees.

En daarom die tweede punt wat die aardse voorbeeld van aanneming nog meer oorskrei: aangenome kinders is wat hulle is, met alle gene en DNA van die biologiese ouers. Maar wanneer die **Gees van aanneming** oor jou kom, neem die Gees van God selfs beheer oor jou biologiese toestand. Is iemand in Christus dan is hy 'n nuwe skepping, 'n nuwe mens. Dit is asof die ou mens dood is, en 'n totaal nuwe lewe begin met die dag van aanneming in Christus Jesus (= die doop, wedergeboorte, ens).

Aanneming geskied dus op die juridiese, wettlike vlak, maar ook op geestelike vlak. Ons ontvang die DNA van Jesus Christus - daarom neem ons deel aan die goddelike natuur (2 Petr 1:2)

#### **(4) Kenmerke van die kind van God**

(i) Ons word nou gelei deur die Gees van God - nie meer deur die wettlike voorskrifte, nie deur geweld of sentimentele manipulasie nie, maar deur vernuwing van ons Gees. Die Gees van God lei ons uiterlik deur die Woord van God. Daarom lees ons die Bybel en hou ons Bybelstudies en bied ons die preek hier in die erediens aan. Maar die Gees van God lei ons ook inderlik deur *heiligmaking*, voortdurende verandering van ons denke, emosies en optrede. (ii) Die Gees van God leer ons 'n nuwe lewenswandel in die gemeenskap van God. Alles wat julle doen of dink, doen dit alles in die Naam van Christus. (?) Hy laat ons uitroep "Abba", lieve Vader (pa-kind, of oupa-kleinkind verhouding), en Hy laat ons getuig in die wêreld van die wonderwerke van God. En (iii) kenmerkend van 'n kind van God is die lewende hoop op die ewige lewe. "The best is yet to come" - sê 'n Gospel-liedjie.

Terwyl by 'n Romeinse aannemingsproses 7 lede verteenwoordig moet wees, is dit in Rom 8 die Gees van God wat saam met ons Gees getuig dat ons inderdaad, onaanvegbaar, werklike kinders van God is.

Mag hierdie uiteensetting vir ons troos en bemoediging gee in hierdie en vir die toekomstige lewe. Amen. En mag die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, julle harte en sinne bewaar in Christus Jesus.